

## Dr AH Bogaards

Lees: Mt.27:32-56

Teks: Mt.27:45-46

Datum: 18 Oktober 2015

Psalms: 103:1-3; 103:5,6; 119:62,63; 133:1,2; 73:1,10,11

### 1. Inleiding

**EENSAAMHEID** - daaroor gaan dit in hierdie preek.

Eensaamheid – in hierdie een woord is die ellende van ons tyd, nee meer nog, die hartseer van alle tye saamgevat. Saamgepers in een woord die nood, die bitter verdriet van soveel mense, jonk en oud –eensaamheid. Eensaamheid - ek is so alleen, so vreeslik alleen. Ek het niemand nie. Niemand wat omgee nie, niemand wat na my kyk nie, niemand wat belangstel nie... niemand wat lief is vir my nie.

Eensaamheid – dit kenmerk die mensdom sedert die sondeval. So het die mens deur die sondeval geword: Dit is elkeen vir homself, mense leef by mekaar verby.

So lyk ons samelewing vandag: 'n massa eensame mense – eensaam ... sonder medemens ... maar nog erger – sonder God.

Ek kyk saam met u na die volgende vrae:

1. Wat is eensaamheid?
2. Waar kom dit vandaan?
3. Wie bring 'n einde aan ons eensaamheid?

### 2.1. Wat is eensaamheid?

Dit kan ons al uit die woord self aflei: *een*-saam. Hoor u daarin die woord *een*? *Een*-saamheid beteken: Dis net ek, net ek en my probleme, net ek en my hartseer, net ek en my bekommernisse. Net ek - ek het niemand anders nie. Ons hoor dit ook in die woord alleen: al-*een*. Ek is al een. Dis net ek. Ek het niemand nie: niemand wat my help nie,

niemand wat my lief het nie, niemand wat my verstaan nie, niemand wat vir my omgee nie.

Ek so alleen, so eensaam. Dit is die noodkreet van so baie in ons tyd. Mense, help my tog, sien my tog, wees tog lief vir my.

Hoe kan mense eensaam wees tussen 'n skare mense? Hoe kan 'n kind eensaam wees tussen honderde ander skoolkinders?

Dit sal 'n mens begryp, as jy weet wat eensaamheid is. Eensaam is om te voel: Niemand is aan my kant nie, niemand sien my nie, niemand is lief vir my nie, niemand verstaan my nie. Dan voel jy eensaam – al staan daar duisend mense rondom jou.

Eensaamheid is - om liefde van ander te mis.

Hoe kan 'n mens eensaam wees as jy 'n huisgesin het? Hoe kan 'n kind wat nog ouers het, eensaam wees. As die liefde uit die huis uit is. As jy 'n pa het wat te besig is en 'n ma wat rondloop, ouers wat oorhoop lê met mekaar – dan voel kinders so eensaam, selfs in 'n gesin. Maar

## 2.2. waar kom eensaamheid vandaan?

In Genesis 2 lees ons dat die HERE sê: "Dit is nie goed dat die mens *alleen* is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas". God het dit gesien: "Dit is nie goed dat die mens *alleen* is nie". Die mens is nie geskape om alleen te wees nie. God het die mensdom as eenheid gemaak, as 'n groep, as 'n liggaam wat mekaar lief het en mekaar nodig het en mekaar help. In die paradys was daar nie eensaamheid nie, maar Adam en Eva was lief vir mekaar en het geleef vir mekaar.

Maar daarmee is nog nie die belangrikste gesê nie. Die vernaamste is: In die paradys was die mens nie alleen nie, want *God was daar*. Hy het God gehad en hy het die weelde en die vreugde en die onbeskryflike groot geluk van sy nabyheid ervaar.

**Paradys** kan in een woord saamgevat word: liefde. Die liefde van God en medemens. Dit het die paradys die paradys gemaak. Die tuin van Eden was 'n lied van liefde.

En – waar hierdie liefde is, is geen eensaamheid nie. Om liefde te ervaar – dit kan ons beskryf as die teenoorgestelde van eensaamheid.

Maar toe het die sondeval gekom. En – weg was daardie band, die band van liefde wat mense aan mekaar bind. Waar die mensdom 'n *een*-heid was, het die eenheid versplinter. Die **een-heid** het verander in een-saamheid. Want die band van liefde was nie meer daar nie.

Waar die mensdom 'n liggaam was, het dit deur die sondeval in 'n los hoop sandkorrels verander. Waar die mens 'n eenheid was, het die mensheid deur die sonde in 'n hoop losstaande individue, enkelinge, verander. In die plek van liefde vir God en medemens het die selfliefde, die eie-ek gekom. Die mens is nou net geïnteresseerd in homself en in sy eie genot. Dit is die sondevalmonster genaamd egoïsme, self-liefde, liefdeloosheid.

Direk na die sondeval hoor ons van die eerste moord: Kaïn slaan vir Abel dood. Die menseverhoudings lê aan skerwe. Mense dink net aan hulleself.

Ek kom weer terug by die vraag: Hoe kan mense eensaam wees tussen 'n skare mense? Hoe kan 'n kind eensaam wees tussen honderde ander skoolkinders? Die antwoord is heel eenvoudig: Waar daar geen liefde is nie – daar is eensaamheid. Daar staan die mens op homself – alleen, AL-EEN.

Maar dit is nog nie die ergste nie. Deur die sondeval is ook die band, die liefdesband met God, afgesny. Dit is een-saamheid ten top, in sy ergste vorm: die mens sonder God, die mens onder die toorn van God, die mens sonder die liefde van God.

## 2.3. Wie kan dit oplos?

Net God kan dit doen.

En hoe doen God dit? Die Vader stuur sy Seun, sy enigste, sy geliefde, die kosbaarste wat Hy het - *in die hel van ons eensaamheid*.

En sy Seun daal neer - *in die hel van ons eensaamheid*.

Ja, dit mag u maar baie, baie letterlik opvat: Hy het neergedaal *in die hel van ons eensaamheid*, tot op die bodem van ons alleenheid. Dieper as dit kon dit nie. Want as daar Een was wat eensaam was, as daar Een was wat waaragtig alleen was, as daar Een was wat eensaamheid in die volste en hardste en ergste en vreeslikste sin van die woord

ervaar het, dan was dit - die Seun van God, Jesus Christus onse Here. Hy was **die groot Eensame**.

Want in ons teksverse sien ons Hom hang in die grootste, onbeskryflikste ellende: sonder God, sonder sy Vader, aan die kruis, alleen. En in daardie donkerste, swartste uur van sy lewe moet Hy dit ontbeer wat vir Hom die kosbaarste en die mooiste en die belangrikste was: die liefde van sy Vader. Want aan die kruis van Golgota was Hy in die hel van Godverlatenheid. In plaas van die liefde van sy Vader was daar – die toorn van sy Vader. En hoor dan die angsroep van die Eniggeborene van die Vader: "Eli, Eli, lama sabagtáni? ... My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Om Hom is dit stinkdonker duisternis – duisternis, dit in die Bybel altyd **teken van die toorn van God**. Die Seun van God is afgesny van sy Vader, afgesny van die liefde van God. Hy sien sy Vader nie meer nie. Alles is donker. "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Hy sien sy Vader nie meer nie. Maar - Hy sien ook nie die mense rondom die kruis meer nie. Deur die donker is Hy **ook van hulle afgesny**. Hy is alleen, sonder medemens, in die steek gelaat deur sy dissipels. Dit is die hel in plaas van die paradys.

Die Seun daal neer. Maar waarom – WAARTOE, met watter bedoeling - doen die Seun van God dit? WAARTOE stuur die Vader sy Seun *in die hel van ons eensaamheid*? Hy doen dit om ons ontwil. WAARTOE? Om ons probleem van eensaamheid op te los. DAARTOE: Om aan ons weer die paradys van sy liefde terug te skenk, om ons te bevry van ons bitter eensaamheid, sodat ons weer liefde kan ervaar. Watter liefde? Die liefde van God en die liefde van ons broeders en susters in Christus Jesus.

Want met sy offer herstel Hy ons verhouding met God – vir elkeen wat glo in die groot Eensame, die Godverlate Seun van God.

Daarom, al voel dit vir u asof niemand vir u omgee nie – tog is daar altyd Een: God. God wat so oneindig baie vir u omgee, dat Hy sy Seun vir u laat neerdaal het in die hel van Godverlatenheid. "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh.3:16). "Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy

eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes" (1 Joh.4:9-10).

Hy was van God verlate – eensaam – sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie.

Daarom, as u u geloofsoog opslaan na die kruis van Golgota, dan sal u nooit meer sê: Niemand gee vir my om, niemand het my lief nie. Want hier is liefde, paradysliefde, liefde wat ons nooit meer loslaat nie, liefde wat altyd by ons bly ook in die grootste nood en dood: "Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie" (Rom.8:38-39).

In die kruisliefde van Christus, in sy offer, lê die oorsaak en die waarborg van God se liefde vir ons.

Daarvan sing ons ook in Ps.73:10:

*Nogtans sal 'k altyd by U bly;  
niks sal my van u liefde skei -  
U wat my regterhand gevat het,  
vir wie 'k van harte liefgehad het.  
U sal my voortlei deur u raad,  
O God, my Hulp, my Toeverlaat,  
en na die dag van aardse stryd,  
my opneem in u heerlijkheid.*

Ja, al het ek NIEMAND meer nie, dan het ek nog steeds IEMAND: dan het ek God nog.

Dan kan ons sing saam met Psalm 27:

*Verlate 's ek van vader en van moeder;  
tog weet ek dit: die HERE neem my aan.  
U is, o HEER, my Vader en Behoeder (Ps.27:5)*

Maar die Seun van God herstel nie alleen die liefdesband tussen ons en die Vader nie. Hy heel ook die liefdesband tussen mense. Ook dit het Hy aan die kruis bewerk. Want u sien: Daar aan die kruis hang nie alleen die Seun van God nie. Daar hang ook 'n ander: die ou mens in ons, die egoïs in ons. Op verskillende plekke skryf Paulus: Ons ou mens, ons liefdelose natuur, is saam met Christus gekruis. Daarmee bedoel die apostel: As ons in Christus glo, sterf die eie-liefde in ons en dan kom daar weer naasteliefde by ons.

Daarom kan ons sê: Op die heuwel van Golgota keer die paradys van liefde weer terug. Die kruis is die geheim en Christus is die antwoord op die probleem van eensaamheid. Sy kruis bind mense weer saam in liefde en in eenheid. Die geloof in sy kruis.

Ja, die geloof in die kruis. Want dit moet met nadruk daarby gesê word: Deur die geloof kry ons deel aan hierdie wonder. Deur die geloof word ons anders. Deur die geloof in Christus se Godverlatenheid en eensaamheid om ons ontwil. Deur die geloof kom daar liefde in ons lewe.

Maar dit is juis die rede waarom daar so min liefde in die wêreld en en ook in die kerk is nie? Solank as wat mense nie glo in Christus nie, solank as wat mense nie leef uit die verlossing deur die Seun van God nie ... so lank sal daar liefdeloosheid en eensaamheid wees.

### **3. Slot**

Iemand het 'n boek geskryf oor eensaamheid: *Adieu eensaamheid*. *Adieu* is 'n Franse woord. En dit beteken: totsiens. *Adieu*, totsiens eensaamheid. Vaarwel eensaamheid. Ja, want as ons in die geloof gaan staan op die heuwel van Golgota dan is dit inderdaad:

- Totsiens eensaamheid, én
- welkom terug, paradys.

AMEN